**6 September**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:14 – 4:8 (NAV)**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:5; 3:14, 15 (NAV)**

## Met moedersmelk

"Van moedersliggaam aan het U my bygestaan." Só héérlik kan jy dit met Psalm 71:4 uitjubel. Maar besef jy hoedat die troue Here ménse in sy versorging van jou lewe gebruik? *Van 'n baba af* (so staan daar letterlik in 2 Tim. 3:15) het Hy, byvoorbeeld, 'n ouma en 'n ma (Loïs en Eunice) gebruik om iemand soos Timoteus tot opregte geloof te bring.

Die *bórende vraag* aan jou as ma of ouma (en natuurlik aan jou as pa of oupa ook!) is: Deel jy vandag – in hierdie verwêreldlike tyd – jóú geloof met jóú kind of kleinkind?

Maar, ás ons dan die rykste van alle rykdomme, die Heilige Skrif, met ons klein mensies van môre deel, hóé doen ons dit? Op 'n weergalose wyse lei 2 Timoteus 3:15 jou en my in hierdie groot, maar vreugdevolle verantwoordelikheid in: Leer hulle die Heilige Skrif ken in sy *wáre bedoeling*: "… wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus" (OAV). Die Skrif is dus nie gegee om vir ons en ons kinders wetenskaplike kennis oor sterrekunde, biologie of watter ander menslike kennisveld te verstrek nie, maar baie spesifiek "so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy (God se) eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort" (NGB Art. 2).

Die Bybel is 'n *geloofsboek*. Dit sal vandag vir jongmense 'n bevryding wees as hulle juis dít van kleinsaf kan leer! Geloof in Christus is die "som van die Skrifte". Christus self kom óók na ons kinders juis "in die gewaad van die Woord" (Calvyn)!

*Sing: Psalm 71:4 (1936)*

*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*